

27 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:15-23  
Fokusgedeelte: Efesiërs 1:19b-20

### Hoop – gebou op die kragtige werking van sy mag!

**E**en ding waaraan die meeste mense vandag 'n behoefte het is hoop! “Gee ons weer hoop vir die lewe, vir die toekoms”! Paulus bid onder andere hiervoor, maar hy grond sy gebed nie op iets van dié aarde nie. Nee, hy bou dié hoop op God, op die “kragtige werking van sy mag ...” Dit is dieselfde bo-aardse krag waarmee Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het! Hy bou die hoop daarop dat Christus die dood en elke doodse mag wat ons bedreig, oorwin het en toe sy koningstroon bestyg het. Jesus Christus is dus nie weg van ons, êrens heen, om daar vir ons te wag nie. Nee, Hy is by ons, op 'n *nuwe manier*, as die Een wat in beheer is van alle dinge – van die duiwel tot wie ook al! As Jesus dan in beheer is, dan is daar mos géén ander mag wat mag oor ons het en waarvoor ons hoef te vrees nie.

Mag God, deur sy Gees, aan jou wysheid gee en Hom so aan jou openbaar dat jy Hom werklik sal ken as jou Verlosser-Koning! Mag Hy jou geestesoog só verhelder dat jy sal sien watter sekerheid jy het as 'n geroepene, as 'n vrygespreekte en verheerlikte! Mag jy wéét watter geweldige krag Hy uitoefen in jou én ter wille van jou – dat Hy *vir jou* is, en dat niemand *teen jou* kan wees nie! Net dit gee waarlik hoop.

*Sing: Psalm 98:1 (Totius-beryming)*

*Ds. HC van Rooy (Port Elizabeth)*